SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: BEELD

Date: 20-Sep-2004

Topic: 19

Ref No: 5721

1

ID: 03133667-01

Source Page: 8

# Noörde se top-boer en -landboukenner

Ainsley Moos

Mnr. Gert Pretorius, 'n graanboer van Noordwes, en prof. Johann Kirsten van die Universiteit van Pretoria is Donderdag deur die Landbouskrywersvereniging aangewys as onderskeidelik boer en landboukundige van die jaar van die noordelike streek.

Die twee wenners kom in November te staan teen die wenners van die sentrale en westelike streke wanneer die nasionale boer en landboukundige van die jaar aangewys word.

Pretorius verbou 800 ha mielies, 650 ha sonneblom en 350 ha droëbone op droë land en 55 ha mielies en droëbone onder besproeiing. Sy vee bestaan uit 120 Simmentalerkoeie op aangeplante weiding en 250 Simmentaler-Brahman-kruiskoeie op natuurlike weiding.

Sy boerdery word onder meer gekenmerk deur kostedoeltreffendheid, sonder om belangrike landboukundige beginsels af te skeep.

Hy is tans voorsitter van die saadmaatskappy Monsanto en ook die landboumaatskappy NWK.

Hy is ook lid van Graan SA se hoofbestuur en dien in verskeie ander posisies in dié bedryfsliggaam.

Kirsten het die afgelope twee jaar bekendheid verwerf vir sy werk as voorsitter van die voedselprys-monitorkomitee. Daarbenewens is hy vereer vir sy bydrae tot landbou en landboubeleid.

Hy volg in die voetspore van sy oupa prof. F.R. Tomlinson, wat in die jare dertig die eerste persoon met 'n doktorsgraad in die landbou-ekonomie in Suid-Afrika was. Tomlinson was die voorsitter van die Tomlinson-kommissie van ondersoek na die sosiaal-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe-areas in die middel-vyftigerjare.

Kirsten is in 1996 aangestel as hoof van die departement van landbou-ekonomie.